

10 Maart

Skrifgedeelte: Matteus 26:1-16 (NAV)

Ons onthou haar!

Jesus was nie 'n magtelose slagoffer van haatdraende Jode met sy kruisiging nie. Die week voor sy kruisiging het die Jode wel koorsagtig planne gemaak om Jesus dood te maak. Maar: "Al maak die mens hoeveel planne, wat die Here besluit het, staan vas" (Spr 19:21). Jesus is ten volle in beheer (Joh 10:11,15). Hy stuur doelbewus op die dodelike botsing af. Hy wil en móét sterf om die verlore wêreld te red.

Moontlik was Maria ten volle bewus daarvan dat Jesus se dood voorhande was. Het sy beseft dat dit die laaste geleentheid sou wees wat sy haar liefdevolle dankbaarheid teenoor Jesus kon bewys? Jesus lê egter self die verband tussen hierdie uitsonderlike betoon van liefde en sy dood.

Ons onthou vandag nog vir Maria. Sy was nie net die aandagtige luisteraar wat aan Jesus se lippe gehang het nie. Sy was 'n vrou wat haar liefde en dankbaarheid met die daad betoon het.

Een van die dae is dit Goeie Vrydag. Miljoene Christene dink juis in hierdie tyd aan die geweldige offer wat Jesus gebring het. Hy het dit doelbewus gedoen omdat Hy jou liefhet. Aanvaar jy dit maar net so, of volg jy die voorbeeld van Maria? Bewys jou dankbaarheid deur kosbare offers te bring: Jou tyd, jou kragte, jou besittings, jou geld. Sy dood, ter wille van jou, vra steeds daadwerklike dankbaarheid.

Sing: Psalm 50:7,11

Ds APC Duvenage (Emeritus)